

### Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAAN SA GRAIN SA	DATUM 2016/09/29		DATUM 2016/09/28		+ - WEEK GELEDE 2016/09/19		+ - MAAND GELEDE 2016/08/29		+ - JAAR GELEDE 2015/09/28					
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data				
DJIA-index	18337	108.94	↑	0.6%	18228	↑	1.2%	18124	↓	-0.3%	18395	↑	14.6%	16002
Goud (Spot)	1324.84	-0.30	↓	0.0%	1325.14	↑	0.7%	1315.11	↑	0.6%	1317.48	↑	17.2%	1130.85
Brent \$/vat	49.02	2.88	↑	6.2%	46.14	↑	5.3%	46.54	↓	-0.6%	49.34	↑	3.5%	47.35
1 € / US\$	1.1233	0.002	↑	0.2%	1.1214	↑	0.6%	1.1167	↑	0.3%	1.1202	↓	-0.3%	1.1263
1 US\$ / ZAR	13.63	0.090	↑	0.7%	13.54	↓	-3.5%	14.13	↓	-4.8%	14.31	↓	-3.5%	14.12
Corn	R 1,765.36	6	↑	0.4%	R 1,759.04	↑								
Wheat	R 2,018.29	13	↑	0.7%	R 2,004.96	↑								
Soybeans	R 4,732.72	21	↑	0.5%	R 4,711.42	↑								
*CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec Sept 12:00 the previous day														
*CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day														
*CBOT Soy Nov cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Nov 12:00 the previous day														
Corn Dec 16	329.00	-1.00	↓	-0.3%	330.00	↓	-2%	337.00	↑	4%	316.00	↓	-20%	408.75
Wheat Dec 16	403.00	0.00	↑	0.0%	403.00	↑	0%	403.00	↑	5%	383.00	↓	-26%	541.75
Soybeans Nov 16	945.00	-2.00	↓	-0.2%	947.00	↓	-2%	966.00	↓	-5%	990.00	↑	7%	884.00
Latest MTM prices (Recorded between 07:00 am - 08:00 am on the last two dates) SPOT = nearest contract month (Rands / tonne)														
SORGHUM Jul '17	3381.00	0.00	↑	0.0%	3381.00	↓	-0.6%	3400.00	↓	-1.6%	3435.00			NA
WMAZ Spot	3534.00	-113.00	↓	-3.1%	3647.00	↓	-8.4%	3859.00	↓	-16.7%	4244.00	↑	10.3%	3205
WMAZ Dec 16	3585.00	-92.00	↓	-2.5%	3677.00	↓	-8.5%	3916.00	↓	-15.7%	4252.00	↑	10.5%	3244
YMAZ Spot	2974.00	12.00	↑	0.4%	2962.00	↓	-5.3%	3142.00	↓	-6.0%	3165.00	↑	0.8%	2949
YMAZ Dec 16	3024.00	14.00	↑	0.5%	3010.00	↓	-5.4%	3196.00	↓	-5.9%	3212.00	↑	1.7%	2973
SOY Spot	6110.00	-15.00	↓	-0.2%	6125.00	↓	-4.2%	6380.00	↓	-5.6%	6470.00	↑	13.6%	5378
SOY Dec 16	6025.00	15.00	↑	0.2%	6010.00	↓	-5.9%	6401.00	↓	-7.3%	6499.00	↑	8.8%	5538
SUN Spot	6125.00	115.00	↑	1.9%	6010.00	↓	-1.8%	6236.00	↓	-1.7%	6230.00	↑	7.5%	5700
SUN Dec 16	6290.00	130.00	↑	2.1%	6160.00	↓	-2.0%	6421.00	↓	-1.2%	6369.00	↑	0.6%	6251
WHEAT Spot	4180.00	50.00	↑	1.2%	4130.00	↑	3.5%	4040.00	↓	-2.9%	4305.00	↓	-2.2%	4274
WHEAT Dec 16	4150.00	62.00	↑	1.5%	4088.00	↑	3.7%	4001.00	↓	-0.6%	4175.00	↓	-0.8%	4184
NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE														
<p><b>Mark:</b> Die rand verhandel rondom R13.63/\$ vanoggend, 9 sent swakker as gister middag 12:00. Die rand is steeds volatiel en verskeie faktore vanaf internasionaal tot en met plaaslik het 'n impak op die rand. Die rand verhandel redelik stabiel tussen die R13.40/\$ en R13.70/\$ vlak. Die verswakking van die rand in die oornag sessie kon grootliks toegeskryf word aan positiewe data in die VSA wat die dollar ondersteun het en die dollar het versterk. Die Brent Ru olie pryse het skerp opwaarts verhandel en het nagenoeg 6% hoër gesluit. Dit kom na die OPEC lande aangekondig het dat hulle produksies sal beperk om die mark te ondersteun.</p> <p><b>Mielies:</b> Die VSA mieliepryse het laer gesluit en is laer vir die week tot dusver. Die Desember kontrak pryse verhandel steeds onder kritieke bewegende gemiddeldes. Die pryse het onder druk gekom met die voorspelling van droëer weer in die Middeweste die komende week wat gunstig sal wees vir die stroop van mielies in die VSA wat se tempo behoort te lig die komende week. Die droëer weer het die bulmark faktore, wat deur deur die hoër daaglikse uitvoer verkope na Meksiko geskep was, beperk. Die etanol termyn kontrak pryse het vir die eerste keer in 6 dae laer gesluit, nadat die weeklikse regeerings verslae 'n toename in die voorrade vanaf vorige weke gerapporteer het. Die weersvoorspelling in die VSA sal kritieke faktore bly in die internasionale mielie markte en dit sal 'n belangrike rol speel in die stroop proses asook die kwaliteit van die Amerikaanse oes. <b>Plaaslik:</b> Die plaaslike mieliepryse het gister gemeng verhandel met met beide toenames en afnames in die pryse wat waargeneem was. Die nuwe oeskatting syfers het die geskatte produksie vir die seisoen hoër aangepas in die laaste oeskatting wat uitgekam het. Die produksie van totale mielies word op 7.537 miljoen ton geskat wat 3.29% hoër is as die vorige skatting. Die plaaslike produsente lewerings syfers deur SAGIS het lewerings van 28 034 ton WM en 12 310 ton YM getoon vir die week gesluit 23 September 2016. Die weer sal 'n kritieke rol speel en die mark sal sensitief wees vir reënval veral in die verder kontrak maande van die nuwe seisoen.</p> <p><b>Sojabone:</b> Die VSA sojaboonpryse het laer gesluit met oesdruk wat die bulmark faktore van die hoër weeklikse uitvoer verkope beperk het. Die uitvoer verkope van Woensdag het die verkope van Maandag en Dinsdag nagevolg. Die grootste uitvoer bestemmings van die VSA sojabone was Sjiena en onbekende bestemmings. Die November kontrakte verhandel steeds onder kritieke bewegende gemiddeldes, maar tussen die bandwydte van pryse van die vorige dag se verhandeling. Die huidige droëer toestande in Iowa is voordelig vir die stroop van sojabone en die stroop proses behoort teen 'n hoër tempo plaas te vind die volgende week en sal aanhou om oesdruk op die VSA pryse te plaas. <b>Plaaslik:</b> Die plaaslike sojaboonpryse het laer gesluit gister en die mark is steeds volatiel. Die plaaslike Safex pryse verhandel steeds hoër as die afgeleide pryse en die pryse moet nader aan mekaar begin beweeg om verwerking en persing plaaslik te stimuleer.</p> <p><b>Koring:</b> Die winterkoring pryse het onveranderd tot effe hoër gesluit terwyl die lentekoring die dag hoër afgesluit het gister. Die koringmark het ondersteuning gevind met die vrese van skade aan die Australiese oes wat veroorsaak word deur oormaat reën in die koring produseerende streke van Australië. Die oes in Australië het droëer weer nodig soos dit nader aan die strooptyd beweeg. Die verwagtinge is dat die VSA uitvoer hoër sal wees met die probleme in die ooste van Australië en Europa. Die aanplantings van winterkoring in die VSA vorder goed met genoegsame grondvog wat teenwoordig is. Ligte reënbuie word voorspel in die Swart See koring produseerende streke wat voordelig sal wees vir die koring daar met die aanplantings wat plaasvind. <b>Plaaslik:</b> Die plaaslike koringpryse het het ondersteuning gevind gister en die mark het hoër gesluit. Die markte is egter steeds volatiel en groter prysbewegings word waargeneem in die koring mark. Die verhandelingsvolumes is steeds relatief laag. Die koring produksies plaaslik in die verskillende streke lyk gunstig en die verwagte ooste lyk positief. Die nuutste oeskatting syfers het die geskatte koring produksie vir die seisoen hoër aangepas tot en met 1.7 miljoen ton. Dit is 1.03% hoër as die vorige skatting.</p>														
<p><b>Plaaslike Markinsigte &amp; Data:</b> <a href="http://www.grainsa.co.za">www.grainsa.co.za</a> / <a href="http://www.sagis.co.za">www.sagis.co.za</a>  <b>Internasionale Markinsigte &amp; Data:</b> <a href="http://www.usda.co.za">www.usda.co.za</a>  <b>Opgestel deur:</b> Luan van der Walt / Vir navrae, kontak: <a href="mailto:luan@grainsa.co.za">luan@grainsa.co.za</a></p>														